Wat Glo Ons?

1. Algemene Christelike geloofsbelydenis:

Ons glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ons glo in die Heilige Gees. Ons glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

2. LOFPRYSING & AANBIDDING

- Ons fokus is om Jesus te aanbid en Hom eerste te stel. **Filippense 3:10**
- Ons liedjies word doelgerig gekies om die evangelie van Jesus te verkondig. **1 Korintiers 2:2**
- Ons aanbidding is diensbaar om mense vir Christus te wen. **1 Korintiërs 9:19**
- Ons wil groei in ons verstaan van aanbidding. **Johannes 4:23**

3. PREDIKING

- Ons preke dien as opbouïng en toerusting om die gemeente toe te rus vir dienswerk. **Efesiërs 4:11-12**
- Die hele Woord van God dien as voorbereiding en toerusting vir jou Goddelike roeping. 2 **Timoteus 3:16-17**
- Ons begeer om soos skape die stem van God te hoor en te onderskei. **Johannes 10:4-6**
- Die waarheid van God se Woord maak ons vry van die sonde. **Johannes 8:32**

4. DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES

- Ons is vir die uitlewing van gawes van die Heilige Gees. **1 Korintiërs 12:1-11**
- Ons beklemtoon die "hoe?" of "manier" van uitlewing. **1 Korintiers 13:1-10**
- Orde en beplanning geniet prioriteit. **1 Korintiërs 14:40**
- Sekere gawes is vir sekere byeenkomste. **1 Korintiërs 14:13**

5. WAT IS DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

- Die Bybel gebruik baie woorde om vervulling te verduidelik:
  - Uitstorting **Hand.2:18** / gedoop **Hand. 1:5** / salwing van die Heilige Gees **1 Joh. 2:20 /** In die Heilige Gees **Jud. 1:20** / deur die Heilige Gees **2 Tim. 1:14** / vol van die Heilige Gees **Luk.4:1**

Die vervulling met die Heilige Gees is 'n ervaring na wedergeboorte waarby die gelowige hom/haarself oorgee aan die beheer en toerusting van die Heilige Gees. Die uitwerking van vervulling met die Heilige Gees is tweeledig: eerstens is dit 'n aandoening met krag en sekerheid en tweedens 'n toerusting, of toevertrouing van geestelike gawes.

Handelinge 1:8 AFR53 en Handelinge 2:38

6. GROEPE

- Dissipelskap gebeur die beste in 'n groep. **Handelinge 2:42-47**

- 'n Groep bou geestelike vrienskappe en maak jou deel van 'n groter doel. **1 Petrus 2:4-5**

- Watter tipe groepe: Weeklikse kleingroepe, bedieningsgroepe en jeuggroepe.

7. KINDERS & JEUG

- Ons verkies 'n kurrikulum wat sistematies deur die Bybel werk.
  - *Konstruksie Kids* is vir ouderdomme 3-12 tydens die oggenddiens.
  - *Oprig* is vir ouderdomme 13-16 tydens die oggenddiens.
  - *Fondasie* is vir Hoërskoolleerders op Sondae om 17:00.

- Die aanbieding is gerig op grootgroep aanbidding en lering asook kleingroep besprekings.

- 'n *Katkisasie* jaar word vir graad 11 en 12 leerders aangebied. Die groot gebod van Markus 12:28-31 dien as grondslag vir die katkisante.